Kwartaalblad van HTS Drostdy 1v2019

Die Aambeeld

Drostdy du voort

Soveel nuwe dinge gebeur by Drostdy dat ons soms net 'n bietjie moet gaan stilstaan en inneem. Die Opedag op 5 Maart was weereens 'n grootse ervaring en niemand kan stry dat hier 'n reus aan die verrys is nie.

Ons dogterskoshuis, Bergsig, het in 'n oogwink 'n nuwe vleuel bygekry. Die behoefte aan verblyf vir die meisies is 'n kopkrapper, want die aansoeke stroom in sonder ophou en ons waglys raak by die dag langer. Die nuwe vleuel was 'n noodsaaklikheid om al die nuwe aansoeke te akkommodeer. Die nuwe gedeelte huisves ongeveer 40 nuwe dogters en boonop is daar vir die dogters hul eie swembad gebou. Dié sal een van die dae voltooi wees en ingewy word. Die nuwe vleuel is baie mooi en modern. Die toilette en deure is anders as die ou deel van die koshuis, maar vir seker 'n bate.

Die terrein is die mooiste wat dit in jare was. Mnr. Gert Coetzee en sy span is besig om hierdie terrein na 'n nuwe vlak te neem. Die krieketkolfblad is, na die aanbou van die Astroturf, geskuif en dis ook afgehandel.

Nog 'n nuutjie is die rekkegimnasium. Die nuwe inisiatief is reeds gebou, maar die finale afrondingswerkies is nog aan die gang.

Op die sportterrein is die atlete weereens 'n rekordgetal wat na die Wes-Kaap kampioenskap gaan.

Die dogters het soos verwag by die SA-toutrekkampioenskap hul stempel afgedruk en sal heel moontlik later vanjaar na Ierland toer om aan die wêreldkampioenskap te gaan deelneem. Die gemengde 520 kg-span sal waarskynlik saamgaan.

Die tennisspelers het ook oorheers en wen in hul onderskeie ligas omtrent alles.

Daarmee saam het die wintersportprogram afgeskop en is al die spanne alreeds aan die oefen. Ons eerste seunspan het reeds op Loftus 'n voorwedstryd gespeel en die hokkie en netbal het by Brackenfell se sportdag deelgeneem.

Op akademiese gebied is almal tans hard aan die leer vir die mini-eksamen. Met die ter perse gaan sal dit reeds afgehandel wees.

Soos dit duidelik blyk is almal aan die woel by Drostdy. Ons getalle groei jaarliks en die onderwysers werk hard om almal te diens. Vir die eerste keer het ons die 1000-merk oorgesteek en volgende jaar se aansoeke lyk uiters belowend.

Deur al hierdie aktiwiteite, en dis nog lank nie als nie, is daar twee woorde wat gereeld in die personeelkamer eggo: Seën en dankbaarheid - vir elkeeen wat hard werk maar bowenal vir ons hemelse Vader. Sonder Hom is al hierdie uitslae en prestasies futiel en leeg.

...want dís 'n belewenis!

binne...

Waarom juig ons donkie? Loer binne om te sien wat by SA's gebeur het...

'n Mylpaal word bereik

Micke maak ‘n merk

Micke ontspan by die see

Dans is ‘n kunsvorm wat die ritmiese beweging van die liggaam, gewoonlik op die maat van die musiek, behels. Daar is baie verskillende tipes dans: salsa, wals, vasdans, tango en nog vele meer. Elke leerder van Drostdy is soos ‘n dansvorm: daar is verskillende ritmes, verskillende liedjies, verskillende passies, maar op die ou einde vorm elkeen ‘n eenheid. Soos wat elke dans moeilike stappe het, het elke Drostdy-leerder sy struikelblokke, maar tog sal die Donkies dit regkry om húlle dans te bemeester.

Die eerste kwartaal was baie besig - met die eerstespanproewe en al die atletiekbyeenkomste - waarvan die uitslae uitstekend was! Die BK het hulle goed van hul taak gekwyt om die nuwe Onkies by die skool welkom te laat voel en ook om die Donkies se kwartaal opwindend te maak.

Ek dink ek kan vir almal praat as ek sê dat die vakansie, wat voorlê, werklik nodig gaan wees. Ek hoop almal het ‘n wonderlike vakansie. Vra vir die meisie se nommer waarvoor jy te skaam is, draf daai 10km, swem saam met die dolfyne en hou piekniek op die strand. Die lewe is ‘n lied en nooi jou uit om te kom dans…

Adjunkhoof van akademie se antwoord

$$\text{Ego} = \frac{1}{\text{Knowledge}}$$

“More the knowledge lesser the ego, lesser the knowledge more ego…”

Bo: Suné Conradie en Hugo de Villiers, primarii van Dorp met die trofeë vir akademie. Dis slim om in Dorp te wees.

Beide Dorp se seuns en Dorp se meisies wen onderskeidelik vanjaar die Interkoshuistrofeë vir Akademie. Wel gedaan Dorp - ons is trots op julle!

Akademie is jou eertse prioriteit by Drostdy. Die wêreld daar buite is baie kompeterend en as jy op gelyke vlak met ander jongmense wil kompeteer, moet jy reg wees daarvoor.

Dis “cool” om te presteer:

Jy kan jou drome najaag om te studeer wat jy graag wil.
Jy het beter werksgeleenthede.
Met jou kennis en vaardighede is jy in aanvraag.

Kompeteer met jouself en moenie met die minste tevrede wees nie.

SUKSES KOM NET DEUR HARDE WERK!!!

“If you want to live a happy life, tie it to a goal, not to people or objects.”



Kom Drostdyers, kom ons maak 2019 ‘n akademiese jaar vol sukses en mooi prestasies.

Hokkie maak gereed

Agter v.l.n.r.: Christiaan du Plessis, FD Rabie, Hermanus Steijn, Juan Cornelissen, Ruben Wolstenhölme, Pieter-Jean Venter, Mitchell du Preez, Tristan Matthews
Voor v.l.n.r:Shaun Kellerman, Alex Avenant, Michael Wessels, Heino Welgemoed, Leonardo Cloete, Christiaan du Toit
Afrigter: mev. Tess Marais

Agter v.l.n.r.:
Talitha Pretorius, Anje Ungerer, Linmarie le Roux, Ilse du Plessis, Michaela Strydom, Aliza Rossouw, Leana Coetzee
Voor v.l.n.r.: Suné Grobbelaar, Denay Benjamin, Mia Gunter, Antoinette Steijn, Bianca Underhay (afrigter), Nevé Schagen, Jana Jourdan, Mari-lu Loubser, Anika Spies, Stefmari Burden



Agter v.l.n.r.: Wynand du Plessis, Heindrich van Coller, Robert-Andrew Adshade, Gysbert du Preez, Reinier Viljoen, Keane Galant, Joshua Smit

Middel v.l.n.r.: Ryall Jacobs, Justin Henning, Deon du Toit, Leetairo Claassen, Zach le Roux, Connor Nel, Divan Noble, Will Jones, Carlton Pietersen, Damian Hopley

Voor v.l.n.r.: Hugo Mostert, Roann Jansen, Wiaan Hoffman, Elron Mcleod, Stefan Schwartz, Benicio Kamfer
Afwesig: Lincoln Johnson

Afrigters: Reinier de Villiers, Connell du Plessis

Rugby

Noord-Suid-Toergroep

Voorspelers:
Benicio Kamfer
Lincoln Johnson
Wiaan Hoffman
Divan Noble
Stefan Schwartz
Deon du Toit
Robert-Andrew Adshade
Reinier Viljoen
Frikkie Mattheus
Will Jones
Wynand du Plessis
Heindrich van Coller
Joshua Smit

Agterspelers:
Justin Henning
Ryall Jacobs
Carlton Pietersen
Damian Hopley
Keane Galant
Roann Jansen
Zach Le Roux
Hugo Mostert
Leetairo Claasen
Elron McLeod

OEFENGEREED

Netbaldogters aan die werk in voorseisoen-oefeninge

As jy gedink het dat netbal vir sissies is, maak jy ‘n groot fout. Dag na dag maak hierdie netbalspelers hulself gereed vir ‘n moelike, maar ook opwindende jaar wat voorlê.

Juffrou Suanne Swart, hul afrigter, het reeds die span bekend gemaak:

Carmo-Lee von Willingh is aangestel as die spanbestuurder.

Hierdie dogters is ‘n vulkaan vol lawa. Hulle gees, lojaliteit teenoor netbal asook hul ingesteldheid maak hulle gereed vir elke wedstryd wat oor hul pad mag kom. Die nodige respek en trots is alreeds in hierdie dogters se harte gekweek.

Agter v.l.n.r.: Me. S Swart (afrigter), Gabbi Bennet, Mia Ramsauer, Jannika van Zijl, Helena du Toit, Surine van Tonder (Onderkaptein), Semelian Lombard

Voor v.l.n.r.: Shanidine Bezuidenhout (kaptein), M’Cailen Lombard, Chané Adonis

Elsje Jordaan besoek Drostdy

HTS Drostdy was so bevoorreg om vir me. Elsje Jordaan hier te kon hê. Sy is ‘n voormalige Protea-afrigter en sy het vir amper ‘n week by ons kom kuier om met ons spelers te kom praat.

Sy het nie net met die netbalspeelsters kom werk nie, maar met al die sportdissiplines. Haar insette het nuwe wêrelde oopgemaak. Soms gebeur dit dat ons fokus verloor en dan is dit baie belangrik om iemand van buite te kry om weer die perspektief te korrigeer. Hier by HTS Drostdy is dit vir ons belangrik om te weet dat ons op die regte pad is. Ons besef dat ons harder moet werk, maar ook slimmer. Ons het die talent en sal alles in ons vermoë doen om hierdie talent optimaal te ontgin.

Neem julle merke

Puma School of Speed

Die leerders van Drostdy het aan die Puma School of Speed byeenkoms deelgeneem. Ons leerders het fantastiese uitslae gelewer:

Angano Daniels: Seuns o/15 100m Hekkies 1ste en 400m 3de

De Wet Mostert: Seuns o/15 100m Hekkies 8ste

Genieva Alkaster: Dogters o/17 Verspring 2de

Shanidine Bezuidenhout: Dogters o/17 Verspring 3de en 100m 5de

Elron Mcleod: Seuns o/17 Verspring 7de

Christolique McNeil: Dogters o/15 800m 1ste en 1500m 5de

Cameron Mostert: Dogters o/17 800m 7de en 1500m 8ste

Meriska van Zyl: Dogters o/17 800m 11de

Gabrielle Benett: Dogters o/19 800m 3de en 400m 3de

Petri Lottering: Seusn o/15 800m 3de en 1500m 2de

Chenique Sas: Dogters o/15 1500m 2de

Clayton Longman: Seuns o/15 100m 3de en 200m 2de

Hugo Mostert: Seuns o/17 100m 2de

Agter: Virnita Africa, Lee-Ann van der Westhuizen, Megan Swanepoel
Voor: Petri Lottering, Virgill-Lee Africa, Shenique Sas, Christolique McNeil

Boland Hoërskole atletiekspan

Die volgende leerders is almal gekeer vir die Boland Atletiekspan:

Zhandre Hatting	800m
Kyle Kupido	100m
Xander de Bruin	Diskus
Luan Jumat	400m
George Groenewald	Diskus
Petri Lottering	1500m
Hugo Mostert	110m; 200m
Jade Visagie	Verspring
Christolique McNeil	800m; 1500m; 1500m SC; 3000m
Jade Avenant	1500m
Monique September	200m
Cara Smith	Verspring
Lee-ann van der Westhuizen	Gewigstoot
Chenique Sas	1500m; 1500m SC; 3000m
Christi Marais	1500 SC
Virgill-Lee Africa	200m SC; 300m
Veronique Visagie	200m SC; 300m
Shanidine Bezuidenhout	Verspring
Gabrielle Benett	400m; 800m
Meagen Swanepoel	3000m SC; 1500m
Virnita Africa	3000m SC; 1500m

INTERKOSHUIS ATLETIEK

Op 16 Januarie 2019 het die Donkies Interkoshuis atletiekkompetisie gehou. Soos gewoonlik het hierdie dag veel te bied vir elke atletiek-connoiseur en aan hoogtepunte was daar beslis geen tekorte nie. Ten spyte van die warm dag, het ons leerders op die paviljoene gesit en gesing tot hul stemme wegraak. Baie dankie aan elke leerder wat hierdie dag so ’n spesiale dag op die sportkalender maak. Na ‘n lang dag het die kinders in spanning gesit en wag om te hoor watter koshuis die beker huis toe sal neem. Die uitslae was soos volg:
By die meisies was Bergsig in die eerste plek met ‘n totaal van 1054 punte en Dorp se meisies in die tweede plek met ‘n totaal van 826 punte. Die Dorp-meisies het egter die geesbeker huis toe gedra.
By die seuns was Stalshuis in die eerste plek met 759 punte, Noordsig in die tweede plek met 572 punte en Dorp se seuns in die derde plek met 526 punte. Stalshuis het ook die geesbeker gewen.
Die beste prestasies van die dag vir die meisies gaan aan Caitlen-Lee Lombard (Bergsig) by die juniors en M’Cailen Lombard (Bergsig) by die seniors. Die beste prestasie vir die seuns gaan aan Xander De Bruin (Stalshuis) by die juniors en Hugo Mostert (Dorp) by die seniors.
Die senior Victor Ludorum word oorhandig aan Hugo Mostert (Dorp) en junior aan Clayton Longman (Stalshuis). Die Victrix Ludorum word oorhandig aan Christolique McNiel by die juniors (Bergsig) en Meriska Van Zyl (Bergsig) by die seniors.

Krieket

Die o/19A- en o/15A- spanne het voldagwedstryde gespeel op Saterdae. Die o/15 A's het goeie oorwinnings behaal. Die o/19 A's het moeilike wedstryde gespeel teen sterk skole soos Boland Landbou en Hugenote. Die jong span het 'n bietjie swaar gekry, maar daar word uitgesien na die einde van die jaar. Die o/15 B's en o/19 B's speel gereeld weekwedstryde en het goeie resultate behaal.

Die o/19 A's het in die 4de rondte van die Krieket SA T20-kompetisie teen Paarl Gimnasium gespeel. Dit was 'n gulde geleentheid om teen een van die beste krieketskole in die land te speel.

Die skool is trots op die volgende leerders wat gekies is vir die Noord-Boland Krieketspanne:

o/15: Gerhard Burger, Roland Everson, Eugene Labuschagne, Luke Back en Jurie du Toit.

o/17: Zach le Roux

Helena du Toit is kaptein van die Boland o/16-meisiespan





Danté Marais swem vir goud

Onlangs, toe die somer op sy warmste was en almal gedroom het om bietjie af te koel in die swembad, het Danté Marais gedroom om so gou as moontlik in en uit die swembad te kom. Hy het in Februarie aan die WP-swemkampioenskap (ook bekend as die Jack Currie-toernooi) deelgeneem. Hy het vyf silwer en drie brons medaljes verwerf. Ons wil net baie geluk sê aan Danté vir sy harde werk en goeie uitslae.

Fietsry is nie vir sissies nie!

Die fietsry het al vroeg in die seisoen begin en het Drostdy se naam van die begin af hoog gehou. Die volgende leerders het in die Cape Town Cycle Tour MTB 40km deelgeneem. Daar was altesaam 647 deelnemers waarvan 551 mans was. Die uitslae was soos volg:

Johan van Zyl (onder) eerste *overall* en eerste in die Junior mansafdeling
Heinie Beukes 4de *overall* en 4de in die Junior Men
Botha de Wet 6de *overall* en 6de Junior Mans
Jandre Meyer top 20 *overall* en 8ste Junior Mans
Robert Boucher top 20 *overall* 5de o/16 Mans
Ninke Mostert 6de *overall* dames en 2de junior dames 60km
Roelf 3de o/16 seuns 20km
Suné 2de o/14 meisies

Alle paaie lei na Oudtshoorn

Die toutrekkers het ‘n uitstekende seisoen agter die rug en weereens is daar ‘n hele klomp wat vanjaar die groen-en-goud oor hul koppe gaan trek.

Na ‘n uiters suksesvolle WP/Wynland kampioenskap, waar ons skoonskip gemaak het, het ons die pad Oudtshoorn toe aangepak vir die grote - SA’s.

Wat die trekkery betref, het ons twee spanne wat Suid-Afrika in Ierland kan verteenwoordig. Ek wil namens Drostdy vir die meisies 480 A-span sowel as die 520 “mix”, baie geluk toewens.

Interessante feit: Toutrek is een van die enigste twee sporte in die wêreld waarvoor jy agteruit moet gaan om te wen.

Deur: Danielle Conradie

Agter: F. May, C. Roscher, M. Warner, J. Vorster, C. Janse van Rensburg, N. Stofberg

Voor: H. de Wet, Z. Zeeman, E. Burger.

Agter: G. van der Spuy, J. Fouché, R. van Lill, J. Vorster, K. Barry, Z. Zeeman, G. Jordan

Voor: L. Schutte, T. van der Spuy, E. Burger

Tennis

Ons het vanjaar met vier dogterspanne in die liga gespeel. Ons spanne het oor die algemeen uitstekend gevaar. Van ons spanne behoort ook van die ligas te wen, maar ons wag nog vir die finale uitslae vanaf die voorsitter. Ons het ongeveer 10 leerders in die Noord-Bolandspanne. Stefmari Burden is in die Wes-Kaap Kavalierspan opgeneem.

Drostdy skaakspelers haal topspanne

Drostdy se skaakspelers het aan die Top Schools deelgeneem en eindig in die derde plek. Veertien van ons spelers het in 2018 die Noord-Bolandspan gehaal: JJ Augustyn, Albrecht van Zyl en Adriaan Alberts is verkies tot die Kaapse Wynlandspan. Albrecht van Zyl was ook gekies vir die SA Winterspele. Vanjaar het die spelers aan die Noord-Boland deelgeneem en hulle is nog in afwagting vir die uitslae.



Skiet

Skyfskiet groei tans teen ‘n vinnige spoed. Met hulle skietlokaal wat oorgedoen is, kan hulle besonders hoog mik. Die nuwe skiethemde lyk al te fraai. Drostdy het ook vir die eerste keer ‘n tuiswedstryd aangebied. Dit was uiters suksesvol en die skuts is opgewonde oor die volgende tuiskompetisies. Die jaar is die medaljes weer geoes.

Theuns Jordaan verower ‘n brons medalje by kompetisie 2 vir die O/16 Sporter-afdeling. Zander Coetzer verower ‘n brons medalje by kompetisie 2 vir die O/16 net lê-afdeling. Chris-Mari Snyman verower 2 brons medaljes by kompetisie 1 vir die O/21 Sporter-afdeling en ‘n algehele derde plek vir die staanposisie. Sy het ook by kompetisie 2 ‘n derde plek vir die O/21 Sporter-afdeling, algeheel 3de vir die dag, algeheel 3de vir die 3p en ‘n tweede plek vir die staanafdeling.

7 van ons skuts het ook aan die Interprovinsiale Toernooi in Upington deelgeneem waar Jandré Geldenhuys en Chris-Mari Snyman twee kwalifiserende tellings geskiet het. Ons is baie trots op ons skuts. Hou so vol!

Stoei

Op 9 Februarie het vier van ons stoeiers aan die SA-proewe in Secunda deelgeneem. Ons het toe ‘n eerste, tweede, derde en vierde plek verower. Ons het ook aan die Parow-toernooi deelgeneem en gaan die 15de tot 16de Maart aan die SA-President Kampioenskap deelneem. Een van ons stoeiers, Hanco Strydom, is gekies vir die SA-span wat aan die Afrika Kampioenskap gaan deelneem. Vier van ons stoeiers neem ook aan die ISF World School Combat Games Trails deel. Hulle is Edwin Theron, Philip Snyman, Corné Tellerman en John Laubscher-Pretorius.

Sit die bal aan die rol

~ Deur Bianka Gerstner

Al is hy nuut in die hoërskool het niks vir Xander Germishuys, graad 8, gekeer om te presteer nie. Xander neem al van ouderdom 11 af aan rolbal deel. Hy was eers deel van Swellendam se klub, maar toe hy koshuis toe kom, het hy aangesluit by Worcester se rolbalklub. Hy het vinnig aangepas by die nuwe omgewing en het goed presteer. Hy is gekies vir om Boland te verteenwoordig by die SA-Kampioenskap tydens die Maartvakansie. Dit word in Bloemfontein aangebied en hy neem deel in die 0/15-afdeling. Ons sê vir Xander baie geluk met sy puik prestasie en ons hoop hy hou Drostdy se naam hoog.

Op ‘n ander noot

~ Deur Bianka Gerstner

Dis die begin van die jaar en dit beteken die orkes soek nuwe leerders om aan te sluit. Vele graad agts is gekies en hulle vorder baie goed. Drostdy se Koperblaasorkes het ook hul jaar afgeskop deur ‘n optrede by die funksie vir Leerders van Uitnemendheid. Die mense het die agtergrondmusiek terdeë geniet en dalk het ons ‘n paar leerders geïnspireer om musiek te neem in die hoërskool. Daar het ook die jaar ‘n nuwe tradisie ontstaan waar twee orkeslede saam met mnr. Pieter Ras die leerders begelei as die volks- en skoollied gesing is. Ons het ook ‘n voëltjie hoor fluit dat die orkes hard aan die oefen is met ‘n nuwe liedjie…iets in die lyn van James Bond. Die orkes oortref hulself jaarliks en ons glo dat die jaar geen uitsondering sal wees nie.



DONKIES MET PASSIE

Emma Burger & Marne Pasierbek

Ons leuse hier by HTS Drostdy is “Werk terwyl jy op God vertrou,” en ons leerders wys dit definitief deur die Here se naam te verheerlik by VCSC!

Die VCSV het hierdie kwartaal met ‘n “praise & worship” begin waar almal net lekker gesing het en op die einde saamgebid het. Sulke sessies word elke tweede week gehou om almal welkom te laat voel. Daar is ook kringleiers, wat elkeen hul eie groepie leerders het. Na almal saam ‘n video gekyk het, gesels elke groep oor dit waarna hulle gekyk het. Anders as onderwysers wat by die VCSV help, bied oom Hansen Preuss en tannie Gerda Viljoen ook ‘n groot bydrae tot die suksesvolle en goeie oordrag van die Here se naam. Tannie Gerda is nuut en help verskriklik baie met die voorbereiding op Vrydae.



Ek is tot alles in staat deur hom wat my krag gee

Fillipense 4:13

BRILLIANT young donkeys!

Verlede jaar het ons leerders aan die einde van die jaar uitstekende uitslae behaal. Die Graad 8's het 37 A's behaal, die Graad 9's 27, die Graad 10's 28 en die Graad 11's 19. Ons is baie trots op al ons leerders wat werklik hard gewerk het om hul akademiese uitslae te bereik. Die top 10 in elke graad is soos volg:

Graad 8:

Anna Rust 86,1%

Jan-Louis Bredenhann 86,2%

Chrisma Sutherland 86,3%

Dré Wium 86,3%

Jamie-Leë Jacobs 87,9%

Suné Meyer 88%

Carla Mostert 89,7%

Carla Botha 90,3%

Salome Rossouw 90,3%

Emma Burger 90,9%

Graad 9:

Ané Jacobs 85%

Karel May 85%

Marianka Swart 85,4%

Theunis Jordaan 85,4%

Jana Fouché 85,8%

René Viljoen 86,7%

Alex Avenant 87,7%

Zane Bothman 88%

Mia Victor 90,6%

Bea Wolfaart 90,8%

Cameron Mostert 93,7%

Graad 10:

Simoné van Wyk 89,6%

Ruben Cronjé 89,7%

Michaela Strydom 89,7%

Armand Van Rhyn 89,9%

Mariné Brink 90,1%

Danique Jacobs 90,9%

Shani Smith 91,1%

Stefmari Burden 91,9%

Aliza Rossouw 92,6%

Mia Ramsauer 93,7%

Graad 11:

GW Bruwer 83%

Philip Hawkins 83,7%

Cara Burger 84,4%

Shandré Roberts 84,6%

Dihan Muller 86%

Antoinette Steyn 86,9%

Wynand Van Staden 88,9%

Conrad Kloppers 90,4%

Talitha Pretorius 90,4%

Suné Conradie 95,3%

Links: Suné Conradie

Regs: Cameron Mostert

Links: Mia Ramsauer

Regs: Salomé Rossouw en Emma Burger

Donkies balk in twee tale

Op 8 April 2019 gaan 39 Donkies hul taalvernuf wys deur aan die Taalbondeksamen deel te neem. Hierdie eksamen handel oor jou taalvermoë en jou vlak van tweetaligheid. Die eksamen vind in Engels en Afrikaans plaas en word nasionaal deur die SA Taalbond gereël. Jou vermoë word nasionaal getoets en jy ontvang 'n formele sertifikaat om dit te bevestig. Hierdie deelname kan op jou CV aangebring word en daar is ook 'n kontantprys op die spel.

Kuns

Leigh-Elmo Arendse

Etlone Nolte

Migal Cronje

Zane Jacobs

Drostdy vier 116de verjaardag

~ deur Bianka Gerstner

'n Verjaarsdag is altyd 'n heerlike geleentheid om te vier en dié jaar was geen uitsondering nie. Drostdy het op 12 Februarie 2019 sy 116de verjaarsdag gevier, maar dié jaar was dinge anders. Ons is so gewoond daaraan om te ontvang dat die BK besluit het dat ons die jaar gaan gee. Daar is toe besluit op 'n muntlegging. Daar is gevra dat elke leerder en onderwyser hul kleingeld saambring vir die muntlegging. Daai ekstra gewig in jou beursie is ingesamel en in 'n groot 116 voor die saal uitgepak. Daarna is dit getel en geskenk aan 'n organisasie. Mnr. Underhay het wel besluit hy wil die skool bederf. Elke leerder het 'n roomys ontvang en ons bedank Mev. Underhay en die kafeteria se personeel vir die reëlings. Ons glo dat Drostdy in sy 116de bestaansjaar baie nuwe hoogtes sal bereik en op alle vlakke sal presteer.

Die bedrag ingesamel - **R3710, 72**

Die pad na Donkie

Are you coming along?

So verwelkom die Donkies met ope arms die nuwe Onkies van 2019…

Voordat die nuwe graad 8-leerders Donkies kon word, moes hulle natuurlik eers ontgroen word - wat ‘n klomp reëls, maar meestal hope pret, behels het. Deur dié proses leer hulle Drostdy se 4 waardes: respek, liefde, verantwoordelikheid en trots. Respek vir die matrieks en die res van die Donkie-familie, liefde vir die skool, om verantwoordelikheid te neem vir alles rondom hulle en trots vir die wonderlike skool - HTS Drostdy. Die ontgroening het begin met ‘n kamp waar hulle mekaar, die matrieks en onderwysers van die jaar ontmoet het. Hulle het hope pret gehad, byvoorbeeld die waatlemoenfees en waterkaskenades. Tussen die pret deur moes hulle ook oefen vir die groentjiekonsert. Hulle moes ook deelneem aan die Graad 8-atletiek wat die aand gevolg is deur ‘n potjiekoskompetisie. Na al die pret was dit tyd dat hulle Donkies word. Die baadjieseremonie was die einde van die ontgroening maar die begin van die beste 5 jaar van hulle lewens…

Graad 8 VRL

v.l.n.r. Hein Louw, Jade Avenant, Christi Marais en Handré Linde

Ons sien uit om die nuwe Donkies se potensiaal te sien!





REGSTREEKS
Groentjiekonsert

17 Januarie 2019
19:00

Donkie TV

Bloedskenk

Dit vloei van ons are tot die mens, wat ons red, se hart.
Minstens een eenheid bloed word geskenk deur ‘n vrywillige skenker.
Die bloed word versamel in steriele sakkies.
Al die eenhede wat versamel is, word dan vervoer na die naaste toetsing - en proseseringslaboratorium.
In die laboratorium word die bloed afgebreek in 3 verskillende komponente nl. bloedplaatjies, rooi bloedselle en bloedplasma.
Daarna word dit getoets om te verseker dat die bloed veilig is vir oortapping.
Plaaslike hospitale plaas dan ‘n bestelling by die SANBS gebaseer op hulle behoeftes.
Die geskenkte bloed word gestoor voor dit oorgetap word en het ‘n beperkte raklewe.
Bloedplaatjies verval binne 5 dae, rooi bloedselle binne 42 dae en bloedplasma het n raklewe van 1 jaar na die datum van skenking.
Eindelik word die bloed oorgetap in pasiënte in nood. Net een donasie het die potensiaal om 3 lewens te red.
Drostdy se bloedskenkers het hulself weereens hierdie kwartaal uitstekend van hulle taak gekwyt. Behalwe vir 107 eenhede geskenk teenoor verlede jaar, 1ste kwartaal, se 84 het ons sommer ook 29 nuwe skenkers bygekry.
Dankie vir elke leerder se bydrae. Julle maak ons so trots!



Vasbyt!

Twee van ons graad 11-seuns het die afgelope vakansie aan die Kalahari- vasbyt gaan deelneem. Heinz Hattingh en Johannes van Zyl het aan ‘n avontuurtoer deelgeneem en die terugvoer is baie positief. Dis wat hulle toerorganiseerder te sê gehad het.
“Die internasionale Scouts beweging het in 2003 ‘n studie gedoen en dit as die beste en moeilikste avontuurkursus binne die Statebond en die VSA bevind. Maar hulle het ‘n groot naskrif geplaas. *“It is based on physical and mental endurance of an unimaginable scale. If a boy passes this, he will certainly be able to overcome almost any challenge...”.*
Vir die wat nie weet nie, mag dit na ‘n geringe prestasie klink, maar wees verseker dat hierdie prestasie julle seuns in dieselfde geselskap plaas as verskeie Springbok rugbyspelers, die wenner van 4 silwer medaljes by die Olimpiese spele, Suid-Afrika se ambassadeur in Jordanië, Suid- Afrika se voorste manlike model en ook Suid-Afrika se voorste sjef. Miskien sal Meyer Bosman se opmerking die meeste sê. “Ek is trots op my Springbokbaadjie en om die wendrie in die Curriebeker eindstryd te druk was groot, maar niks kom daarby om die Vasbyt te slaag nie.”
Die prestasie wat Johannes en Heinz behaal het is werklik uitsonderlik.
Baie geluk aan die twee manne. Daar is reeds met mnr. Andries Erwee in verbinding getree om hierdie geleentheid aan meer leerders te gee. Daar is hierdie jaar nie ‘n geskikte tydgleuf nie, maar volgende jaar sal daar beslis na nog so ‘n geleentheid gekyk word. So seuns, luister mooi en moenie dat hierdie geleentheid by jou verbygaan nie.

Matriekdag

19 Februarie 2019

Hierdie dag was beslis ‘n welverdiende bederf vir alle Matrieks vir die bydrae wat hulle die afgelope 5 jaar by die skool gelewer het.

Die oggend van matriekdag was die matriekklasse gevul met ‘n droewige atmosfeer en die wiskundetoets het soos ‘n berg voor hulle gelê. Die opgewondenheid was gedemp maar 11:30 het die prop van die vonkelwyn geskiet en al die verborge emosies begin wys. Al die leerders het vinnig verklee en mooi gemaak vir die groot dag. Die busse het om 12:30 voor die skool vertrek en dit het vir oomblikke onwerklik gevoel dat ons nou matriek is en op matriekdag kan gaan. Met die aankoms by die V&A Waterfront was ons verlig om uit die warm bus te klim. Ons het gearriveer by die Zeitz MOCAA en het in sarsies die gebou binnegegaan. Dit is ‘n nie-winsgewende kontemporêre kunsmuseum wat geleë is in die ou graansilo’s. Hierdie graansilo’s is herontwerp om die kunsversamelings van besonders talentvolle kunstenaars te huisves. Die gebou self is ‘n kunswerk en slaan omtrent jou asem weg. Die versamelings binne die museum bestaan uit kuns wat in elke persoon se smaak sal val. Sommige van die uitstallings vertel ‘n storie oor hedendaagse kwessies en swaarkry en is baie insiggewend.

Na die reis deur die museum is ons toegelaat om tyd te spandeer in die Waterfront tot 17:45. Van die matriekleerders het op bootreise gegaan, deur winkels geloop waarin hulle niks kan bekostig nie of net gaan sit en eet of koffie drink saam met vriende. Ons het weer in die bus geklim en vertrek na Kampsbaai om die vertoning ‘Into the Woods’ by Theatre on the Bay te gaan kyk. Die teater is bo ‘n getypoel geleë en ons het die mooiste sonsondergang beleef. Die vertoning gaan oor die beproewings en avonture van verskillende sprokieskarakters. Dit was goed aangebied en ‘n wonderlike manier om die aand af te sluit. Ons het direk na die musiekblyspel huiswaarts gekeer. Die dag het op n laagtepunt begin maar die res van die dag het beslis daarvoor opgemaak. Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van die dag!

Die nuwe Matriektrui

Antoinette Steyn (Hoofdogter 2019)

" Ek hou daarvan!"

Eon Wolfaardt (Hoofseun 2019)

"Ons graad was seker al van graad 9 die buitengewone graad en hoe mooier om ons graadgroep uit te sonder deur die eerste te wees met 'n wit matriektrui. Ons graad is uniek en baie gemotiveerd as dit by gees kom … Die matriektrui pas ons goed en ek dink die wit is uniek - nes ons graad!"

Manoniem

"Okay wel, die wit is nie vir my baie prakties nie en die trui self laat my dink aan iets wat uit die 'High School Musical Movie' uitkom… dit lyk eintlik nie te sleg op sekere mense nie, maar dit lyk nie so goed op ander nie … en as die trui nie perfek pas nie lyk dit sleg!"

Hugo de Villiers (Dorp Primarius 2019)

" Ek dink dit is definitief anders as al die vorige jare en soos ons graad staan dit uit bo al die ander, so ek hou baie daarvan."

Elri van der Westhuizen

"Ek hou daarvan, maar dit is net bitter onprakties. Ek is links en as ek skryf vee my arm oor my pen se ink en dit maak die trui vuil."

Nell Singleton

"Aan die begin het ek nie gehou van die wit truie nie, want ek het net daaraan gedink dat die wit gou gaan vuilraak… Maar nou dat die kinders dit dra, hou ek daarvan, want dit laat ons matrieks uitstaan bo die ander grade en die wit lyk mooi by die skoolklere."

Etloné Nolte

Dit is definitief iets anders, maar ek is mal oor ons nuwe wit mx truie; dit laat ons net nog meer uitstaan bo die res. Dit is fris en vars; nog 'n trotse belewenis."

Die Frikkie is NEXT LEVEL

Daar is groot planne in die pyplyn om die Frikkie net nog meer kindervriendelik te maak.

Eerstens is daar nou 'n ATM in die kafeteria so leerders hoef nie meer dorp toe te stap om geld te trek nie. Dis natuurlik baie veiliger ook.

Tweedens word daar nou beplan om 'n afdak voor die Frikkie op te sit waar al die leerders kan ontspan. Op ons enorme skoolgronde is daar nie genoeg koelte vir almal om te sit nie. Die Frikkie verleen hom uitstekend tot so 'n opgradering. Mnr Callie le Roux het bankies gemaak en die sementblad is reeds gegooi.

Dan moet daardie pizzaoond se seël gebreek word. Ons weet dan net nie of Debonairs sal bly voortbestaan nie, want die Donkies is sekerlik hul grootste ondersteuners.

Hier by Drostdy gaan ons groot - of huis toe.

DIE DONKIE IS 'N WONDERLIKE DING

Ons was vanaand bevoorreg om die legendariese Frank Opperman (regs) op Drostdy se verhoog te hê met sy nuwe eenmanstuk "Die Donkie". Dit is voorwaar 'n puik produksie! Baie dankie aan ieder en elk wat die aand bygewoon het en aan mev. Annamarie Underhay en haar span wat dit moontlik gemaak het.

Indien jy dit gemis het, kan jy die produksie by vanjaar se KKNK kyk.

"Skreeusnaaks ", het Migal Cronje, wat dit bygewoon het gesê. Dit handel oor 'n skoolhoof van die Hoërskool Hans Oosthuizen. Ouers wat kla en al die ander goedjies wat maar deesdae so eie aan ons wêreld is. Die verhoogstuk is 'n moet kyk vir almal. Of jy nou 'n skoolhof, onderwyser of leerder is - iets wat ons almal was - hier is 'n boodskap met 'n baie dieper betekenis.

Pajamapaartie

Wat is die beste manier om jou weer te laat welkom voel by jou skool na ‘n lang uitgerekte vakansie? ‘n Welkom-terug-sokkie!
Hierdie sokkie het op die 10de Januarie 2019 plaasgevind. Die sokkie is gereël deur die Gr. 11 VRL wat hul goed van hul taak gekwyt het. Die leerders van Drostdy het sommer stiptelik om 18:30 hul dansskoene aangetrek en gedans dat die meel staan.
Die leerders het omtrent uitgehaal en gewys, wel figuurlik, met die tema van die sokkie: “Slaapklere!” Die klaasvakie-hoede, ‘onesies’, unieke pantoffels en die slaapklere. Dit het hul ekstra woema gegee om die sokkie by te woon.

Die Valentynsokkie

Drostdy se Valentynsokkie is gehou op die mees romantiese dag van die jaar- Valentynsdag. Die dag is vernoem na Sint Valentine. Aanvanklik is daar nie ‘n romantiese betekenis aan Valentynsdag gekoppel nie. Dit is eers in die laat Middeleeue tydens die bloeitydperk van liefde dat romantiese gebruike met hierdie dag geassosieer is. Drostdy het dit reggekry om die Donkies se Valentynsdag werklik ‘n belewenis te maak. Die sokkie was ‘n reusesukses met verliefde paartjies wat hulle aand by die sokkie kon deurdans en selfs vriende wat net hulle aand saam met die mense, waarvoor hulle rêrig lief is, kon spandeer.
Die tema van die sokkie was **The Kissing Booth** en daar is baie moeite gedoen om die tema mooi uit te beeld. Ons wil net dankie sê aan die BK wat soveel moeite gedoen het. Op ‘n suksesvolle dag van liefde!

Dis hoe Valentynsdag ontstaan het

Emperor Claudius II had banned marriage because he thought married men were bad soldiers. Valentine felt this was unfair, so he broke the rules and arranged marriages in secret.

When Claudius found out, Valentine was thrown in jail and sentenced to death.

There, he fell in love with the jailer's daughter and when he was taken to be killed on 14 February he sent her a love letter signed "from your Valentine".



This is the oldest known Valentine's Day message in English. It was written in 1477

Kom ons Braai - vriende en familie

Drie van ons “Drostdy-couples” het aan die KOM ONS BRAAI kompetisie, wat op KykNet gebeeldsend is, deelgeneem.
Mnr Hansen Preuss en sy vrou Mariette, mnr Nico Grobler en sy meisie en mnr Peter Compton en Nelmarie Claassen was die kompeterende paartjies. Hulle het op drie verskillende plekke gebraai en een van die vereistes was dat alle soet- en soutdisse op die vuur gemaak moes word. Die prysgeld was ook glad nie te versmaai nie. Alles in 150 minute.
Uiteindelik het oom Hansen en sy vrou met die R15 000 se pryse weggestap. Hulle het pas-en-draai- voorgereg en radiator-rib, ratkas-en-diff-hoofgereg en aan-die-tou mushroomsous en ‘n oom-Basie anderkant-die-berg-pepersous gemaak. Kreatief is nie die woord nie.
Die ander twee paartjies het gesamentlik tweede geëindig.
Wel gedaan julle ou braaiertjies. Julle was uitstekend!

Onderwysers sit vir geen oomblik stil nie

Alle onderwysers behoort aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers. Nuwe beleid bepaal dat alle onderwysers ‘n aantal punte moet verwerf om deel van die raad te bly. Derhalwe moet alle onderwysers opleidingsgeleenthede bywoon om hulself te verbeter en natuurlik op hoogte te bly rakende onderwyskwessies.
Die Beheerliggaam het een van hierdie geleenthede geskep deur vir **Quinton Coetzee** na Drostdy te nooi. Hy was vir jare een van die aanbieders van Aardwolf, Veld Focus en 50/50. Hy gebruik die analogie van die San-mense van die Kalahari om besigheidsbeginsels in enige werksomgewing te verduidelik. Dis duidelik dat hy ‘n passie vir sy werk het - gooi ‘n bietjie ervaring by die mengsel en jy’t ‘n wenresep. Almal het aan sy lippe gehang. Baie mense van die dorp is genooi en die saal was propvol mense van ander skole en besighede. Sy boodskap is om te strewe daarna om dinge BETER te doen.
Op ‘n ligter noot is al die laerskoolonderwysers ook genooi om een aand na **Margit-Meyer Rödenbeck**, ook bekend as Dowwe Dolla (regs), te kom luister. Hierdie pseudoniem kan nie verder verwyder wees van die waarheid nie, want hierdie kort blondekoppie is vlymskerp. Deur sattire (en so ‘n klein bietjie sarkasme) sê sy dinge presies soos dit is en dis duidelik dat sy heeltemal op hoogte is van alle landsgebeure. Haar skerp sin vir humor maak dit ‘n groot bederf om na haar te luister.



Nuwe Onderwysers

'n Nuwe jaar, nuwe geleenthede, nuwe belewenis by HTS Drostdy
Almal is terug na die lang Desembervakansie en heelwat nuwe onderwysers het besluit om deel te word van die belewenis by HTS Drostdy …

Juffrou Bianca Coetzee, het gehoor van die Donkies al die pad van Johannesburg af. Nou waarom die Donkies? Daar is net een antwoord - die beste skool in die Wes-Kaap!

Juffrou Suné de Beer het by die belewenis van HTS Drostdy aangesluit, want die trouklokke lui hierdie jaar vir haar. Ons is vreeslik bly saam met Juffrou.

Juf Everson kom van Worcester af en het by Drostdy aangesluit sodat sy haar droom, om kinders elke dag iets nuuts te leer, kan bewaarheid.

Juf Retief kom van Durbanville af en het n voëltjie hoor fluit dat die Donkies nogals netbal kan speel. Sy staan vir niks terug nie en geniet alles wat sy doen…

Juf van Eden kom van Rawsonville af en is die oudste van 'n identiese tweeling. Sy het Drosdty toe gekom vir nuwe geleenthede en 'n nuwe ervaring.

Juffrou Elmi Burger, al die pad van Kimberley, hou baie van kook en lees. Sy sê dat sy nie enige verskuilde talente het nie, maar dalk vind ons nog die jaar uit. Drostdy se gees was nog altyd tops en vir Juffrou Elmi staan dit hoog uit.

Mnr. Aaron Harker is van Worcester en was nog laasjaar 'n Donkie. Mnr. Harker wou oorspronklik argitektuur studeer, maar ons is bly hy het Drostdy gekies. Hy kan trompet speel, is mal oor musiek en doen graag toutrek as 'n stokperdjie.

Mnr. Daniel Roothman is ook van Worcester en het in 2003 hier by Drostdy gematrikuleer. Hy is betrokke by die hokkie. Hy het op skool reeds sy passie vir hokkie ontwikkel. Hy het na skool in die besigheidsveld betrokke geraak. In 2010 het hy begin hokkie afrig en nou is ons bevoorreg om hom hier by ons te hê.

Me. Coleen Van Zijl is van Clanwilliam. Sy sê dat Drostdy se Christelike norme en waardes vir haar uitstaan. Sy het ook baie talente soos netbal, foto's neem, "DIY's" maak, toerisme aanbied en tennis.

Mnr. Johan Havenga is van Potchefstroom waar hy skoolgegaan en gestudeer het. Mnr. Havenga wou nog altyd in die onderwys ingegaan het. Hy sê dat dit vir hom baie lekker is om met mense te werk en om te sien hoe hulle groei en ontwikkel. Hy is mal oor sport, speel graag golf en hou daarvan om met sy hande te werk. Hy noem ook dat hy baie van Drostdy se tegniese afdelings hou, die Afrikaans, trots, koshuise, sportvelde en al die vriendelike personeel en leerders.

Juffrou Mieke Guess is van Gauteng en bly in die Centurion-area. Sy wou al van graad R 'n onderwyseres geword het. Haar stokperdjies is om te stap en sy oefen baie. Sy kan sing, netbal speel en langafstande hardloop. Juffrou Mieke sê vir haar staan ons gees, tradisies en ons leerders uit.

Mnr. Cornel Britz is van die Strand en is deel van die sportorganisering. Hy wou nog altyd rugby afrig. Drostdyers se vriendelikheid en goeie maniere staan vir hom uit. Mnr. Britz se stokperdjies is lees, oefen en natuurlik braai.

Mag julle koffie altyd sterk
en
julle studente rustig wees.

Nuwe lewe!

Emma Burger & Marne Pasierbek

Ons is baie opgewonde om vir Juffrou Tarien de Wet geluk te sê met die geboorte van haar (en haar man) se ba-badogtertjie op 15 Februarie! Ons het 'n eksklusiewe onderhoud met haar gehad, en hier is wat sy gesê het!

Wie kan ons verwag om te ontmoet?

'n Pragtige baba dogtertjie, met die naam Miré.

Waarna sien Juffrou die meeste uit?

Om te sien hoe sy gaan lyk, en om haar persoonlikheid te ervaar. Ek sien ook uit daarna dat sy nie meer in my maag gaan wees nie!

Het juffrou een van daardie "gender-reveals" gehad?

Ons moes een gehad het. Juffrou Suanne het een beplan, maar toe was ek en my man nuuskierig, en toe skeur ons maar net die koevertjie oop...

Wat was die irreterendste ding wat mense vir juffrou gesê/gevra het tydens die swangerskap?

Wanneer mense my Mamma begin noem het ("hoe gaan dit met die mamma vandag?") of as mense heeltyd vir my gevra het, "en hoe voel jy vandag?"

Hoe voel dit om Juffrou se EERSTE kind te kry?

Dit voel nogals vreemd, want ek voel self nog vreemd. Ek voel nog nie soos 'n grootmens nie. Ek voel nog soos n kind en nou moet ek 'n kind grootmaak!

Hoekom het juffrou op daardie naam besluit?

Die naam het nie regtig 'n betekenis nie, maar dis die enigste naam wat ek en my ma beide van gehou het. Ons het nie regtig saamgestem oor die ander name nie.

Wat het die meeste in juffrou se lewe verander vandat juffrou swanger was?

Ek het dik geword! Ek het nie regtig baie emosioneel verander of meer emosioneel geraak nie, maar ek het wel baie geduld met kinders ontwikkel.

Sal juffrou graag nog kinders wil hê?

Ek sal graag,maar vinnig op mekaar, sodat alles net vinnig klaar en verby is!

Hoe lyk die baba kamer?

Die kamer self is ligte grys en dit is versier met pienk, wit en rooi blomme en ted-dies...Baie teddies!

Wat is die eerste les wat juffrou vir haar gaan leer?

Wees lief vir tannie Suanne en sê altyd asseblief en dankie!

Ons is baie opgewonde saam met juffrou,en ons wens u voorspoed toe!

Meneer Renier druk 'n drie

Meneer Renier de Villiers en sy pragtige vroutjie, Joey, verwag hul eerste dogtertjie. Hulle kon nie hul nuuskierigheid bedwing nie en moes kyk wat die baba se geslag is. Die eerstepanafrigter loop deesdae breëbors op die skoolgronde rond - en dis nie nood-wendig oor sy span se uitslae nie.

Baie geluk Meneer en tannie Joey. Ons weet sommer dat hierdie kleinding vir julle baie plesier gaan verskaf.

ONTMOET VIR STEPHAN…

Ek is seker dat almal weet wie Juffrou Bianka Underhay is, en vir die wat nie weet nie - sy is die graad 8C register - juffrou. Sy gee Lewenswetenskappe.
'n Paar maande gelede het Juffrou Underhay na 'n skool in Stellenbosch gegaan. Daar het sy gesien hoe mooi en modern die laboratoriums is. Sy het toe besluit om haar Biologieklas heeltemal oor te doen!
Van die vloer tot die verdonkerende prente op die ruit is elke liewe dingetjie splinternuut.
Op die een muur wou juffrou graag prente van diere opsit, maar kon ongelukkig nie 'n foto kry wat die regte grootte is nie en toe… ontmoet sy vir Stephan. Stephan is 'n enorme gorilla wat teen die kant van die juffrou se klas geplak is.
Die naam is deur Juffrou Underhay se matriekklas gekies, maar dit is n hele storie op sy eie.
Die ander muur het 'n groot DNA-spiraal asook 2 senuwee-en-spierestelsels op.
Behalwe vir die indrukwekkende mure is daar ook n vistenk in die hoekie van juffrou se klas. Hierdie vistenk was deur Mnr. Abri Bothma geborg. Binne-in die tenk is daar 23 verskillende vissoorte wat deur Dier en Plant (die troeteldierwinkel in Worcester) geborg is.
In die plek van 'n projektor het juffrou Underhay besluit om eerder twee skerms weerskante van haar tafel te sit. Net langsaan hierdie skerms is daar 6 kopbene van 'n donkie, bosvark, blouwildebees, skaap, bobbejaan en 'n springbok.

DEUR: Danielle Conradie